

Dinsdag 31 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 10:11-17 (AFR53)

Fokusgedeelte: Romeine 10:14,17

Elke gelowige word geroep en oortuig

Die geloofsgemeenskap waaraan ons behoort, word deur Christus opgerig op 'n baie spesifieke manier wat God self bepaal: deur die bediening van die Woord.

Dit beteken dat onself ook deur die verkondiging van hierdie Woord tot die geloof geroep is. Sou 'n mens dan kan sê dat sonder die verkondiging van die Woord daar geen gelowige sal wees en geen kerk bestaan nie?

Dit is inderdaad waaraan Paulus uitdrukking gee deur middel van sy retoriese vrae in verse 14 en 15. Niemand sal die Here se Naam aanroep sonder geloof nie, en niemand sal geloof hê sonder die verkondiging van die Woord nie.

Natuurlik hoor ons in sy laaste vraag dat daar iemand moet wees wat dit preek. Hiervoor roep die Here sy kerk.

Die gemeenskap van gelowiges se voortbestaan bou op die voortdurende verkondiging van die Woord deur die kerk self wat nie net die geloof onderhou en laat groei nie, maar dit voortbring uit die wêreld. Elke uitverkore kind van God word deur die Woord geroep en oortuig in die geloof van Christus die Verlosser.

Die Heilige Gees se werk is hierin natuurlik sentraal, aangesien die Woord sy asem is. Hy inspireer elke woordjie daarvan en bind dit aan elke gelowige se hart sodat die wat volgens God se wil daarvoor bestem is, deel word van die gemeenskap van gelowiges en daarmee die opdrag om die Here te verkondig hulle eie maak.

Omdat ons glo, verkondig ons die Here.

Sing: Psalm 43-1:3

Ds. HFR (Riekert) Pelser (Kemptonpark)